ssa mense

eerling „ses onlang-
s van die Moscow
l toe gebring het —
die poskantoor of
ıptes 'n hand daar-
.

er brief skryf Timol
skeie gesprekke met
ssop gevoer het. Vol-
het Essop sy bereid-
erklaar „om 'n posi-
e speel om verande-
lle land teweeg te

ysing na 'n blykbare

omverwerping van die Regering, gee hy in 'n ander brief die versekering aan die „sentrale komitee" dat hulle „op ons" kan staatmaak vir die bevordering van „revolusionêre bewustheid onder ons mense."

In 'n ander brief skryf Timol dat hy twee afrolmasjiene tot sy beskikking het. Albei in Johannesburg. Hy gee die versekering dat die eienaars (twee Indiër-sakemanne) hom alleen laat wanneer hy besig is en dat hy die masjiene kan gebruik sonder om agterdog te wek.

Ho
Wee

(Parlem
VOLKS
H. Biern
die Wee
van alle
deur spr
bat oor
het.

Brig.
(VP, N
Admiraal
in oorlog
pel. Hy
uniekhei
se posis
en gesê
ander la
die vloo
hoof is

„Die
wens w
ling," h
gesê.

NA



POLISIEMAN GETUIG VOORT

IN TIMOL-ONDERSOEK

Kommuniste sterf voor hul verklap

KOMMUNISTE in Suid-Afrika is aangesê om selfmoord te pleeg eerder as om verklarings te doen of hul maats se name te verklap tydens ondervraging.

Dit het gister aan die lig gekom in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol. Kapt. C. J. Dirker van die Veiligheidspolisie het daaroor getuig toe hy sy getuienis hervat het.

Eergister het hy afgestaan as getuie omdat adv. Maisels nie sy weg oopgesien het om hom (kapt. Dirker) op Afrikaans te kruisvra nie.

Dokumente

Kapt. Dirker het getuig dat hy die ondersoekbeampte in die saak van Timol en Essop was en toesig gehou het oor al die dokumente wat by hulle gevind is.

Hy het erken daar is nog so-wat 30 tot 40 dokumente in 'n besondere fyn handskrif wat nog nie ingedien is nie. Hy voel dit is in belang van „reg en geregtigheid" om dit nie in te dien nie. „Daar is nog kriminele sake hangende."

Adv. Maisels het gesê die feit dat dié dokumente in 'n ander ondersoek gebruik word, is nie 'n rede waarom dit nie voor die hof gebring moet word nie. Hy het versoek om dit net op 'n afstand te sien en beloof hy sal dit nie lees nie.

Handskrif

Die advokaat het gesê dat hy nie verplig is om kapt. Dirker te glo oor die dokumente en die fyn handskrif nie. Volgens hom, is die polisieman 'n onbetroubare getuie bevind in die Beytagh-saak.

Kapt. Dirker het gesê adv. Maisels doen 'n persoonlike aanval op hom. In die Beytagh-verhoor was dit vir hom soms moeilik om die vrae te hoor.

Beserings

Kapt. Dirker het verder getuig dat Timol, terwyl hy onder sy toesig was, geen beserings opgedoen of gekla het oor pyn of beserings nie.

Hy het al baie Kommunistiese dokumente gesien. „Baie van hulle word gereeld hier versprei". In een van die dokumente, word gesê dat mense wat aangehou word, nie verklarings moet doen of enige name moet noem nie.

Hulle word aangeraai om, sodra hulle nie meer weerstand kan bied teen hulle ondervragers nie, liewer selfmoord te pleeg.

Verraai

Adv. Maisels wou die dokument sien waarin die odrag vervat is. Die hof is verdaag. Adv. S. A. Cilliers, wat namens die Polisie optree, het toe 'n dokument getoon waarin Kommuniste gemaan word om liewer selfmoord te pleeg as om die organisasie te verraai.

Kapt. J. H. Gloy van die Veiligheidspolisie wat Timol ook ondervra het, het in 'n verklaring wat ingehandig is, gesê dat Timol baie terughoudend was oor die name Quentin, Martin en Henry wat verskyn het in stukke waarop die polisie beslag gelê het.

Die middag voordat Timol dood is, het iemand die kantoor ingekom waar die ondervraging aan die gang was. Hy het gesê dat Quentin, Martin en Henry opgespoor is.

Geskok

„Timol was duidelik geskok. Ons het die kantoor verlaat om sekere sake te bespreek en sers. Rodrigues gevra om Timol op te pas. Hy het by die tafel gaan sit. Net daarna het Timol opgespring en by die venster uitgespring.

„Ek dink hy het selfmoord gepleeg omdat hy bang was hy moet lank tronk toe gaan," lui die verklaring.

Vroeër is lt.-kol. W. P. van Wyk wat eergister getuig het dat Timol se plan tot massamoord in Suid-Afrika kon lei, in kruisverhoor geneem.

Kol. Van Wyk het getuig dat name wat in die dokumente verskyn het wat by Timol gevind is, vir hom baie belangrik was.

Aan die hand van hierdie inligting beweer hy dat daar so 'n noue verwantskap tussen Timol en Quentin was, dat hulle saam planne beraam het om sabotasie in Suid-Afrika te pleeg. Adv. Maisels het daarop gewys dat daar op die klagstaat teen Jacobsen geen melding van Timol gemaak is nie.

Kol. Van Wyk het gesê dat hy nie by die ondersoek van dié saak betrokke was nie.

Toe adv. Maisels hierop vra of kol. Van Wyk nog steeds dink dat daar 'n noue verbintenis tussen Timol en Jacobsen was, het kol. Van Wyk geantwoord: „Ja, en ek dink Jacobsen was baie gelukkig om los te kom."

Op 'n stelling van adv. Maisels dat daar beweer word dat druk op aangehoudenes uitgeoefen word om inligting te verkry, het kol. Van Wyk gesê: „Ek het van die bewerings gehoor, maar weet niks daarvan nie. Ons het baie tyd en gebruik geduld. Ons probeer die man se guns wen. Om sy vertroue te wen, is vir ons hoofsaak."

Kol. Van Wyk het na verdere vrae gesê dat Timol vir die Polisie baie belangrik was. As mediese getuienis gelewer sou word dat Timol tydens sy aanhouding beserings opgedoen het, was dit nie in sy teenwoordigheid nie.

Hy was geskok oor Timol se dood. Hy kon dit nie glo nie. Hy het nooit die verklaring gelees wat Timol geskryf het nie omdat hy nie die ondersoekbeampte in die saak was nie. Hy was wel bewus van die stuk.

Eienaardig

Adv. Maisels het gesê dat dit vir hom eienaardig is dat kol. Van Wyk nie die dokument gelees het nie omdat daarin staan dat Timol leier van die hooftak van die Kommunistiese Party is. Daarin staan ook wanneer Timol die leier geword het.

Kol. Van Wyk het getuig dat Timol van die begin af sy eie skuld erken het, maar hy was nie eerlik nie.

Die advokaat sê dat Timol bewus was van sy moontlike lot dat hy 20 tot 25 jaar tronkstraf kon kry. Hy wou weet wat Timol gemotiveer het om uit die venster te spring as hy hom al in dié lot berus het soos uit die dokument blyk.

Antwoord

Kol. Van Wyk het gesê dat hy nie daarop kan antwoord nie.

Adv. Maisels het verder aangevoer dat Timol geweet het dat die doodstraf nog nooit ingevolge die Wet op Terrorisme toegepas is nie. Timol was skuldig aan mindere oortredings — hy het geweet hoe om emmerbomme te maak en pamflette te versprei en was hoof van die Kommunistiese Party hier.

Kol. Van Wyk: „Dit klink nou na minderwaardige oortredings. Na regte was hy die leier en die ondersteuner van 'n revolusie — 'n man wat massamoord en guerrilla-oorlogvoering beplan het."



and Captain van Nieker were seated in chairs marked A and C. The left-hand window, which Mr Timol faced, was the one from which he leapt.

and Mrs Timol had told the court regarding the conversation, nor had he seen the affidavits. He said if his memory

the Deputy Senior Public Prosecutor, Mr P. A. J. Kotze, assisted by Mr A. Beukes.

Mr I. A. Maisels, QC, assisted by Mr G. Bizos, is representing the Timol family, and Mr S. A. Cilliers, is representing the police.